# Bek-en-klou: Biosekuriteit vir Vaal Eden verskerp

Liezl Scheepers

Permanente biosekuriteitbeheerpunte sal na verwagting dalk reeds teen die naweek by alle ingangsroetes na die Vaal Eden-distrik in plek wees. Dit sluit in die R59 by die Vaal Eden-afrit, die S272 by die Bon-Af Bessieplaas, en vanaf die Barrage na Vaal Eden.

Dit behels dat alle voertuie wat die gebied inkom, as voorsorgmaatreël gestop en met ontsmettingsmiddel gespuit sal word in 'n daadwerklike poging om verspreiding van die siekte na die gebied te keer. Die besluit is deur boere en ander rolspelers in die distrik geneem na 'n vergadering wat oor die naweek deur die Vaal Eden-gemeenskap, onder die vaandel van Landelike Gemeenskap Veiligheid (LGV), gehou is.

Volgens die jongste syfers van die Vrystaatse Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling wat op 9 Oktober vrygestel is, is vier nuwe gevalle van die siekte bevestig, waarvan twee in die Viljoenskroon-distrik en twee in Edenville.

Teen verlede week was daar 42 gevalle in die provinsie wat amptelik deur die departement bevestig is, maar is boere bekommerd dat die omvang groter is weens die vertraging in toetsuitslae en die bekendmaking van statistiek.

Vee-eienaars is veral bekommerd dat nie almal oop kaarte speel oor besmetting nie uit vrees vir die direkte ekonomiese impak van verpligte kwarantyn, en die beperking op beweging van vee.

Boere is egter van mening dat verskerpte biosekuriteitsbeheermaatreëls wel 'n verskil maak om verspreiding te keer.

**Jongste syfers**

Die departement se syfers wys dat bek-en-klouseer in sewe distrikte oor vyf munisipaliteite in die Vrystaat versprei is, waarvan 10 gevalle in Kroonstad, 19 in Viljoenskroon, een in Deneysville, sewe in Cornelia/Frankfort, twee in Heilbron, twee in Edenville en een in Odendaalsrus.

Die departement sê hy prioritiseer vaksinering op plase waar daar besmetting is om virale lading te verminder, en verspreiding van die virus te keer.

Bewegingsbeperking word ook ingestel binne 'n 10km radius van plekke waar bek-en-klouseer besmetting is.

Plase waar daar besmetting is word onder kwarantyn geplaas, terwyl plase binne 'n 10km radius in kennis gestel word van die besmetting en ook onder voorkomende kwarantyn geplaas word totdat die departement se ondersoeke afgehandel is.

Daar is die afgelope week weer gevra dat boere, en alle rolspelers in die bedryf, asook wetstoepassers, moet hande vat om die kommerwekkende verspreiding van die siekte te keer.

Dit sluit veral in die onwettige vervoer van beeste uit kwarantyn areas, en swye oor infeksies wat 'n verwoestende finansiële effek op die hele vleisbedryf, en die land se ekonomie kan inhou.

**Hou by regulasies**

Wat belangrik is, is dat mense moet let daarop dat die vervoer van diere wat onder kwarantyn is, sonder die nodige dokumentasie, 'n kriminele oortreding is.

Volgens Wynn Dedwith, van die Wynnwith Melkplaas in die Vaal Eden-gebied is uitbrake wat nou landwyd gesien word, ongekend.

Hy sê hoewel die land veral in die noorde rooigebiede het waar die siekte voorkom, is dit in al die jare nooit verspreid oor soveel provinsies gesien sedert hy en sy voorouers van die 1900's hier boer.

Soos ander boere lê Dedwith die skuld vir die verspreiding vierkantig voor die deur van die regering wat faal in sy pogings om die staatsbeheerde siekte doeltreffend te beheer.

Die sloering in toetsuitslae en versuim om doeltreffende entstowwe, wat wel in ander lande beskikbaar is, plaaslik beskikbaar te maak, help boere nie, en beperk rompslomp met wetgewing en staatsbeheer die stryd teen die siekte.

Daarbenewens is daar regulasies, maar té min beheer om seker te maak gehoor word gegee aan die uitvoer van regulasies.

Dedwith sê biosekuriteitsbeheer het oor en oor bewys dat dit effektief is om die verspreiding van die siekte te help keer, en wil boere in die Vaal Eden-distrik daarom voorkomend optree.

Pieter Kemp van LGV het ook 'n beroep op mense gedoen om hul samewerking by beheerpunte te gee.

Sou daar uitbrake op melkplase wees is die gevolge baie groter as by vleisbeeste wat kan herstel van die siekte. Dedwith sê biosekuriteit word al vir 'n jaar baie streng toegepas op die melkplaas.


**Geen gevaar vir mense**

Vleis en melk van besmette beeste hou geen gevaar vir mense in nie.

Mense kan ook nie bek-en-klouseer kry nie, maar kan dit versprei deur voertuie, klere, hande en voete as jy met besmette diere in aanraking was.

**Simptome**

Tipiese simptome van bek-en-klouseer is lusteloosheid, sere in die bek en aan die pote en oormatige afskeiding van speeksel.




'n Grafiese voorstelling slegs ter illustrasie van biosekuriteit-beheer. Foto: It's Ink

Harcourts Parys
056 817 7464
pays@harcourts.co.za
Harcourts

**Harcourts Parys Sole Mandate, Tumahole**
RL48991
**R280 000**
Well-situated near a school and the main road to Parys. Bathroom, cosy lounge, versatile room (can be used as a garage or converted into a 4th bedroom). Outside toilet included, needs some TLC, but full of potential.
Corne – 072 710 8170



**Harcourts Parys Sole Mandate**
RL44396
**R950 000**
Imagine your dream home nestled in an exclusive nature estate, perfectly positioned with a coveted north facng riverfont view. This limited vacant land offers not just breath-taking natural beauty and a diversity of species, but also the ultimate in self sufficiency with an installed borehole and solar pump.
Sakkie du Toit – 072 447 9804



harcourtsparys.co.za
Experts in home finance. ooba

SPECIALIST MEDICAL CENTRE
SPECIALIST CONSULTATIONS, DOCTORS WITH SPECIAL INTEREST

EAR, NOSE & THROAT SURGEON — DR BAGUMA, M.B., Ch. B(MUK) M. Med ORL
PHYSICIAN — DR CH TEICHLER, MBChB, UP MPRAX MED, UP FCP (SA)
GYNAECOLOGIST — DR M LUBILE, MD, KINSHASA, CONGO FCOG, SA
ORTHOPEDIC SURGEON — DR SHOGE, MBChB, NATAL FC ORTH (SA)
OCCUPATIONAL MEDICINE — DR S. M. VILAKAZI, Bsc BMSc (HONS) MB, Ch, B, (Natal)
GASTROENTEROLOGIST/PHYSICIAN — DR RAMADAN, MBBCH, FCP (SA) MMed (Wits), Gastro. Phys. Cert (SA)

TRAVEL MEDICINE
DR K TICKLEY
DIABETIC EDUCATOR
PHILADELPHIA

9 BUITEN STREET, PARYS (OPPOSITE PARYS LOCAL CLINIC)
info@specialistmed.co.za
CENTRE OPEN MON-FRI 8:30 - 16:30
CONSULTATION BY APPOINTMENT only
TEL - 016 422 2478
CELL - 060 581 7144

# Redefining quality healthcare!

NWU

NWU's Taking HANDS initiative enhances patient care at Witrand Hospital through therapeutic programmes, hands-on training, and continuous needs assessments – ensuring dignity, engagement, and improved service delivery.



It all starts here ®